

ST. ANTONIUS ZACCARIA

5 JULIE

(1502-1539)

Hierdie begaafde jongman was al 'n gekwalifiseerde geneesheer op die ouderdom van 22 jaar. Hy besef gou dat hy net so begaan was oor sy pasiënte se geestelike welsyn as hul liggaamlike gesondheid.

Hy word in 1528 tot priester gewy en gaan werk onder die armstes in die stad Milaan. Sy dienswerk wek die belangstelling van ander jongmanne en so stig hy die kongregasie van die Barnabiete wat vernoem is na die Sint Barnabus-kerk wat aan hul sorg toevertrou is .

